# ELMBOOG ARTRITIS

## Wat is elmboog artritis

Artritis is ontsteking van die elmbooggewrig. Dit ly tot die verlies aan gewrigskraakbeen wat die beeneindes bedek en wat toelaat dat bene glad oor mekaar beweeg. Wanneer elmboog-kraakbeen volledig beskadig is, skuur die beenoppervlaktes teen mekaar en dit word beskryf as been-op-been beweging in die gewrig. Dit kan ly tot pyn gedurende beweging of tydens rus, ongemaklike gevoel of 'n skuurgevoel met beweging en verlies aan krag. Wanneer artritis erg raak, probeer die liggaam die gewrig stabiliseer en beperk beweging deur benige uitgroeisels of osteofiete wat gesien word op xfotos as ekstra been op die gewrigsrante.

## Wat veroorsaak elmboog artritis

Daar is 2 hooftipes artritis:  rumatoïede- en osteoartritis. Rumatoïede artritis onstaan wanneer die liggaam se immuunsisteem ontsteking veroorsaak. Osteoartritis ontstaan wanneer die gewrigskraakbeen uitgeslyt word as gevolg van gebruik oor die jare, ouderdom of besering. Wanneer 'n infeksie in die gewrig plaasvind gee dit ook aanleiding tot verlies aan kraakbeen. Infeksie in 'n gewrig word genoem septiese artritis.

## Wat is die simptome

Die pasiënt wat aan elmboog artritis ly ervaar pyn, styfheid en 'n verlies aan krag. 'n Skuur-, klik- of sluitgevoel word ervaar met beweging. Verlies aan beweging kan vererger sodat die pasiënt moeite het om alledaagse aktiwiteite soos hare kam, uit te voer.

## Hoe word elmboog artritis diagnoseer

Die artritis word gediagnoseer deur 'n fisiese ondersoek sowel as X-strale. Die ortopediese chirurg sal die elmboog ondersoek, kyk na die omvang van beweging, krag en of pyn teenwoordig is met beweging. Hy sal X-strale aanvra en soms 'n rekenaartomografie of 'n magnetiese resonansie ondersoek doen om dit verder te evalueer.

## Hoe word die artritis behandel

### **Nie-operatief*

Elmboog artritis kan behandel word met fisioterapie en versterking van die spiere wat die gewrig ondersteun. Sterker spiere verskaf beter stabiliteit aan die gewrig en ly tot verminderde stres oor die artritiese area. Omdat artritis 'n ontstekingstoestand is, kan die chirurg 'n anti-inflammato-riese medikasie of 'n inspuiting in die gewrig aanbied om die inflammasie of ontsteking te verminder.

### **Operasie*

Wanneer nie-operatiewe behandeling nie geslaag het nie, kan chirurgie voorgestel word. Twee chirurgiese opsies is beskibkaar:  artroskopie van die elmboog of elmboog skoop word gedoen deur 'n klein kamera in die gewrig te plaas en aangetasde kraakbeen te verwyder en uit die gewrig te spoel. Alhoewel dit nie 'n genesende operasie is nie, kan dit langdurige pynverligting tot gevolg hê. In sekere ernstige gevalle kan 'n totale of gedeeltelike elmboog vervanging aangebied word. Dit behels die verwydering van die aangetasde gewrigsoppervlaktes wat dan vervang word met gladde metaal of plastiek inplantings. Dit laat weer die elmboog toe om glad en pynloos te beweeg en in baie gevalle die omvang van beweging te verbeter.